



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Navrae

Prof Andries Visagie

021 808 2174

agvisagie@sun.ac.za

Departement Afrikaans en Nederlands

Honneurs Afrikaans en Nederlands

Die program bestaan uit 'n verpligte navorsingsmodule en ses modules wat uit 'n lys beskikbare modules gekies word. Die program strek oor een akademiese jaar en word deur middel van lesings aangebied.

Toelatingsvereistes

- 'n BA-graad met Afrikaans óf Afrikaans en Nederlands as hoofvak.
- 'n Gemiddelde punt van 60% in die hoofvak wat tot nagraadse studie lei.

Modules

Verpligte module: Navorsingswerkstuk

Kies **een** van die volgende modules:

- Formele Afrikaanse Taalkunde
- Literêre Teorie en Afrikaanse Literatuur

Kies **vyf** van die volgende modules, uitgesluit die module wat jy hierbo gekies het:

- Afrikaanse en/of Nederlandse Drama en Film (vertonings val buite gewone klastye)
- Afrikaanse Poësie
- Afrikaanse Prosa
- Afrikaanse Leksikografieteorie
- Afrikaanse Teksanalise
- Formele Afrikaanse Taalkunde
- Literêre Teorie en Afrikaanse Literatuur
- Moderne Nederlandse Letterkunde
- Metodologie van Afrikaanse Taalverwerwing
- Skeppende Skryfkunde (onderhewig aan keuring)
- Taalburgerskap en Afrikaans
- Toegepaste Afrikaanse Taalkunde

Opmerkings

Alle modules is nie noodwendig elke jaar beskikbaar as keusemoontlikheid nie.